**Ellende! (OP161)**

**Eks 1:1-22**

**21 Januarie 2024**

Laasweek het ons begin met die boek Eksodus. Ek het oorsigtelik na die boek gekyk. Ons het opgemerk die Here het voor die aanvang van Eksodus die volk doelbewus Egipte toe gestuur omdat Hy Sy handelinge met die volk wou gebruik as deel van die openbaringsgeskiedenis. Ons het daarop gelet dat Barret Eksodus beskryf as 'n prentjie profesie waarin die Here verskeie stappe in Sy verlossingsproses aan ons bekend maak. Drie belangrike stappe wat ons kan onderskei, is: (1) Die ellende waarin die volk verkeer het in Egipte, (2) Die verlossing wat die Here vir hulle bewerk het, en (3) Die verwagting van die Here dat hulle in dankbaarheid sal reageer op die verlossing. Motyer beskryf Eksodus as 'n verbondsnaratief. Hy lig ook uit hoe baie ons van die Here self leer in Eksodus: Ons leer die Here ken as die Verbondsgod – Jahwe. Ons leer Hom ken as die volk se Verlosser, hulle Metgesel asook as die God wat in hulle midde woon. Boonop is Hy die Heilige God. Motyer redeneer ook dat die hoogtepunt van die boek uit die chiastiese struktuur van die boek volg – die hoogtepunt is die gedeelte wat vir ons die wet van die Here en die sluiting van die Sinaiverbond beskryf.

Vandag begin ons om in meer detail na die boek te kyk. Ek wil vandag stilstaan by Eks 1. Ek wil die bespreking van hierdie hoofstuk soos volg hanteer: (1) Bespreking van die geskiedkundige gebeure in Eks 1, (2) Perspektief van die res van die Ou Testament op die situasie in Eks 1, en (3) Die betekenis van Eks 1 in terme van die Nuwe Testamentiese evangelie.

<u>Bespreking van die geskiedkundige gebeure in Eks 1</u>

Soos wat ons laasweek opgelet het, maak Eks 1:1-6 dit duidelik dat Eksodus 'n voortsetting is van die geskiedkundige gebeure in die boek Genesis – dit handel steeds oor die twaalf seuns van Jakob, wat natuurlik die nakomeling van Isak en Abraham is. Die twaalf seuns word spesifiek by name genoem. Ons sal later besin oor hoekom dit belangrik is. Ons lees dat sewentig persone wat van Jakob afgestam het, na Egipte getrek het. As jy sou belangstel in wie die sewentig persone was, kan jy Gen 46:8-27 gaan lees waar die detail gegee word. Kan ek dit opsom: dit is basies die 12 seuns van Jakob, tesame met hulle seuns en enkele kleinseuns. Vers 6 maak spesifiek die punt dat teen die begin van die boek Eksodus, het die geslag van Josef en sy broers almal reeds gesterf. Die implikasie hiervan is dat almal wat teen die begin van Eksodus deel van die volk Israel was, in Egipte gebore is. Nie een van hulle is in die beloofde land gebore nie. Ons sal ook later besin oor hoekom dit belangrik is om raak te sien. Vers 7 voeg egter by dat die Israeliete vrugbaar was, dat hulle vermeerder het en besonder talryk geword het – hulle was die land vol. Al met al moet ons sê die boek skop op 'n positiewe noot af.

Maar vanaf vers 8 verander die situasie: 'n Nuwe koning het aan bewind gekom in Egipte. Soos wat ek laasweek na verwys het, is daar verskillende opinies oor die datum van die uittog. Gevolglik is daar ook verskillende opinies oor wie die farao is wat nou aan bewind gekom het. Dit is egter opvallend dat die Bybel eenvoudig nie sê wie die farao is wat aan bewind gekom het nie – en gevolglik hoef ons dan ook nie ons koppe hieroor te breek nie. Tot dusver was daar 'n goeie verhouding tussen die Israeliete en die Egiptenare, grotendeels weens die rol wat Josef gespeel het in die regering van Egipte. Maar die nuwe koning, die nuwe farao, het nie vir Josef geken nie. Boonop het die volk toegeneem in getalle, tot so 'n mate dat dit die farao bekommerd gemaak het. Hy was bekommerd dat die volk tydens 'n oorlog by Egipte se vyande kan aansluit en teen hulle veg. Vers 10 sê ook hy was bekommerd dat die Israeliete dan die geleentheid kan gebruik om uit die land

op te trek – wat sou beteken hy sou die volk verloor as werkers. Gevolglik het hy ‘n "slim" plan gemaak (v10). Hierdie sogenaamde "slim" plan het in vier fases ontwikkel:

- Die eerste fase (v11-12) was dat die volk dwangarbeid moes verrig. Hulle moes die voorraadstede Pitom en Ramses bou. Daar is bevelvoerders oor die volk aangestel wat moes toesien dat hulle die werk verrig. Maar die plan het nie geslaag nie – die volk het steeds vermeerder en verder deur die land versprei.
- Die tweede fase van die plan (v13-14) het daaruit bestaan dat die Egiptenare geweld gebruik het om die volk te dwing om harde slawewerk te doen. Hulle moes nie net bouwerk verrig nie, hulle moes ook allerhande werk op die landerye verrig.
- Die derde fase van die plan (v15-21) het daaruit bestaan dat die farao die Hebreeuse vroedvroue betrek het. Sy opdrag aan hulle was dat wanneer hulle die Israelietiese vrouens help tydens ‘n bevalling, moes hulle die seuntjies doodmaak, terwyl hulle die dogtertjies kon laat lewe het. Die plan het egter ook nie geslaag nie, siende dat die vroedvroue meer ontsag vir God gehad het as vir die farao. Hulle het verstaan dit is belangriker om lewe te spaar, as om die farao se wil uit te voer. Toe hulle hieroor deur die farao gekonfronteer is, het hulle gesê die Israelietiese vrouens het nie werklik hulle hulp nodig nie – hulle kraam voor die vroedvroue nog opdaag. Dit is nie duidelik of dit werklik die situasie was, en of hulle dit net voorgegee het nie. Hoe dit ook al sy, die Here het erken wat hulle gedoen het, en het aan hulle goed gedoen deurdat hulle self gesinne van die Here ontvang het. Terloops, daar is baie spekulasie oor hoe net twee vroedvrouens hierdie taak vir die hele volk kon verrig. Verskeie verduidelikings word gegee: moontlik was daar werklik net twee, moontlik was hierdie twee in beheer van al die vroedvrouens, moontlik was slegs die name van hierdie twee bekend, moontlik was dit net hierdie twee wat nie die seuntjies doodgemaak het nie. Weereens, ons weet nie die detail nie, daarom bly die opsies maar net spekulasie.
- Die vierde fase van die plan (v22) was dat die farao die hele Egiptiese volk betrek het. Hulle moes almal die pasgebore seuntjies in die Nylrivier laat verdink het, terwyl hulle die dogtertjies kon laat leef.

In vers 10 het die farao hierdie plan ‘n "slim" plan genoem. Maar was dit werklik so ‘n slim plan? Al met al moet ons sê: Nee – immers het die plan nie gewerk nie, die volk het steeds vermeerder. En verder: al sou die plan gewerk het, en die getalle van die volk begin afneem het, dan het die farao homself in die voet geskiet. Onthou, hy wou juis nie die volk verloor nie – as al die seuntjies doodgemaak is was dit bloot ‘n kwessie van tyd dat hy wel die volk sou verloor. Ons kom ook later terug om oor die betekenis hiervan te besin.

Maar, geliefdes, kom ons wees eerlik: dit moes ‘n ellendige tyd vir die volk gewees het. Ons ken die geskiedenis, en dan lees ons maklik hieroor – sonder om elke keer weer onder die indruk te kom van hoe groot hulle ellende was. Dink jou dit in: geen werksbevrediging nie, voortdurende gewelddadige optrede wat hulle gedwing het om slawewerk te doen, en dit alles terwyl hulle die realiteit van volksmoord in die gesig staar. Dink maar net hoe ons reageer as ons nie werksbevrediging ervaar nie. Dink maar net aan die reaksie in ons tyd as geweld gebruik word in die werksplek. Dink maar net aan die reaksie in ons tyd wanneer daar aanduidings is van volksmoord. Die volk het dit alles gelyktydig belewe. En boonop, het hierdie verdukking en vergrype vir jare lank, selfs vir geslagte lank, voortgeduur. Motyer sê teen die einde van Eks 1 was die farao teen die volk, die Egiptiese volk was teen die volk, en selfs die Nylrivier (effektief ‘n afgod vir die Egiptenare) was teen die volk. Die verdukking het gekom van die owerhede, van die samelewing, en selfs van die afgode wat aangehang is. Dit was erg – ons sukkel eenvoudig om ons dit te kan indink. Dit was ellendig.

Perspektief van die res van die Ou Testament op die situasie in Eks 1

Voordat ons besin oor hoe ons hierdie situasie van die volk moet verstaan, is dit tog nodig dat ons oplet hoe die res van die Ou Testament hierna verwys.

Kom ons herinner onsself net weer aan wat ons in Genesis gelees het, en waarna ek laasweek verwys het. In Gen 15:13-16 het die Here alreeds aan Abraham verduidelik dat dit lank sou neem voor sy nageslag die beloofde land in besit sou neem, hulle sou eers vreemdelinge wees in 'n vreemde land waar hulle verdukking sou ervaar. Ons weet nou, daardie land was Egipte. Die Here het toe al aangedui die verdrukking sou lank duur – 400 jaar lank. Ja, die Here het ook beloof dat hulle verdrukkers dan veroordeel sal word – maar dit gaan 'n wyle neem voor dit gebeur. Die feit dat die volk nou hierdie verdrukking beleef, is dus nie onverwags nie. Dit mag dalk nog moeilik wees om te verstaan hoekom hulle dit moes beleef, maar dit was nie onverwags nie.

Ons het ook laasweek in Gen 46:1-4 gelees dat die Here Jakob aangemoedig het om Egipte toe te gaan. Die Here het selfs beloof dat Hy saam met Jakob sou gaan, dat hulle in Egipte 'n groot nasie sou word, en dat Hy hulle weer terug sou bring. Ons het laasweek gesê ons kan hieruit aflei dat dit absoluut die Here se wil was dat die volk Egipte toe moes gaan, en ook selfs dat die Here hulle nie Egipte toe gestuur het a.g.v. 'n spesifieke sonde wat hulle gedoen het nie. Opsommend: Die Here het vooruit aangekondig die volk sou Egipte toe gaan, Hy het hulle selfs aangemoedig om te gaan. Maar die Here het ook aangekondig hulle gaan lank daar bly en hulle gaan daar verdrukking ervaar – alhoewel dit nie duidelik was wat die rede vir die verdrukking sou wees nie.

Kom ons kyk nou hoe die res van die Ou Testament die situasie van die volk beskryf:

- In Eks 20:2, in die aanhef tot die wet van die Here, word Egipteland beskryf as die plek van slawerny. Dit strook met wat ons in Eks 1 lees.
- In Deut 6:12 en 21 beskryf Moses ook Egipte as die plek van slawerny.
- In Deut 4:20 beskryf Moses Egipte as 'n ystersmeltoond waaruit die Here hulle uitgelei het. Salomo doen dieselfde in 1 Kon 8:51, en Jeremia ook in Jer 11:4. Dit strook ook met wat ons in Eks 1 gelees het.
- Lees Jos 24:14. Hier praat Josua met die volk, en hy sê dat die volk die gode wat hulle anderkant die rivier en in Egipte gedien het, uit hulle midde moet verwyder. Dit blyk dus dat die volk hulle reeds in Egipte skuldig gemaak het aan afgodsdiens.
- Lees Eseg 20:4-9. Hier praat Esegiël met die oudstes van Israel, en dan verduidelik hy onder andere dat die volk hulle alreeds in Egipte hulle skuldig gemaak het aan afgodery, en dat die Here toe al 'n beroep op hulle gedoen het om dit uit hulle midde te verwyder. Maar die volk wou nie. Dit was so ernstig dat die Here dit selfs oorweeg het om hulle met Sy woede te tref – maar Hy het nie, ter wille van die eer van Sy Naam voor die nasies. Die punt is: die volk was skuldig aan afgodery, en was op die punt om die oordeel van die Here te beleef.
- En jy kan ook Eseg 23 gaan lees – daardie beskrywing deur die Here van die volk en Samaria as Ohola en Oholiba, waar die Here dit ook duidelik maak dat die volk hulle in Egipte skuldig gemaak het aan owerspel.

Die belangrike punt wat ons moet raaksien, is dat die Here nie die volk na Egipte gestuur het a.g.v. 'n spesifieke sonde wat hulle gedoen het nie. Maar wat egter ook wel waar is, is dat toe die volk in Egipte was, het hulle hulle skuldig gemaak aan erge afgodery en owerspel – soveel so dat die Here selfs oorweeg het om hulle in Sy woede te straf. Al het die Here hulle nie uitgewis in Egipte nie, was daardie ellende wat hulle beleef het, dus verdiend. Dit is baie belangrik om te verstaan as ons die gebeure reg wil interpreteer.

Die betekenis van Eks 1 in terme van die Nuwe Testamentiese evangelie

Ek herinner jou aan wat Barret gesê het: Eksodus is ‘n prentjie profesie waardeur die Here aan ons ons ellende wil wys, waardeur Hy die verlossing wat Hy bring aan ons wil wys, asook die dankbaarheid wat Hy verwag. Ek glo dit is duidelik dat ons hier in Eks 1 ‘n prentjie het van ons ellende – of ten minste ‘n gedeeltelike beskrywing daarvan.

Eks 1 begin met die 12 name van Jakob se 12 seuns uit wie die 12 stamme van Israel sou groei. Hulle is almal in Egipte, waar hulle as vreemdelinge woon. Kan ek jou herinner aan hoe Jakobus sy brief begin: “Jakobus, ‘n dienskneg van God en die Here Jesus, aan die twaalf stamme in die diaspora (in die verstrooiing)”. Of dink aan Petrus wat sy eerste brief rig aan: “die vreemdelinge van die Diaspora, in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië, hulle wat uitgekies is volgens die voorkennis van God, die Vader, om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van Christus besprinkel te word.” (1 Pet 1:1-2) Sien jy die ooreenkoms met die begin van Eksodus? Die gelowiges is vreemdelinge in die wêreld, soos wat die volk vreemdelinge in Egipte was. Die gelowiges is uitverkorenes, soos wat die volk die uitverkore volk van God was. Die gelowiges is uitverkore om geheilig en geregverdig te word, soos wat die volk uitverkore was dat die Here deur hulle aan ons prentjies kan gee van regverdigmaking en heiligmaking.

Let op die volgende:

- Elke Israeliet wat destyds in Egipte was, wat deel was van die verdukking deur die nuwe farao, is in Egipte gebore – die geslag wat van die beloofde land afgekom het, het uitgesterf voor hierdie gebeure. Hulle is letterlik almal in slawerny gebore.
- Die Israeliete was eenvoudig onmagtig om hulle self te bevry van die slawerny – die houvas van die farao en die Egiptenare en hulle afgode was eenvoudig te oorweldigend. Hulle was vasgevang in die slawerny.
- Soos ons gesien het uit die res van die Ou Testament, het die Israeliete nie die slawerny beleef omdat hulle regverdig was nie, hulle was dus nie heiliges wat vervolging beleef het nie – nee, hulle was afgodsdienaars en owerspeliges wat die verdrukking verdien het. Hulle was selfs op die punt om die toorn van die Here te beleef.

Al was die fisiese verdukking wat hulle beleef het, erg, was hulle ellende selfs nog groter: Hulle kon dit nie ontkom nie!

Wat ons in Eks 1 het, is ‘n prentjie van die volk wat in ellende vasgevang is in slawerny in Egipte. Dit is wat ons ‘n Ou Testamentiese tipe noem. Die geestelike waarheid wat hierdie prentjie aan ons wil verduidelik (oftewel: die Nuwe Testamentiese antitipe van hierdie Ou Testamentiese tipe) is die feit dat alle mense, maar veral die gelowiges, vasgevang is in die slawerny van sonde. Kom ons kyk hoe die Nuwe Testament dit op ‘n paar plekke beskryf:

- Joh 8:34 – Jesus sê: “Elkeen wat sonde doen, is ‘n slaaf van die sonde” – slawerny word aan sonde gekoppel. Soos wat die volk slawe was, so is elke mens wat sonde doen, ‘n slaaf van die sonde.
- Rom 6:6 – “Dit weet ons: dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is, sodat ons sondige bestaan tot niet gemaak kan word, en ons nie meer slawe van die sonde sal wees nie”. Die verlossing van gelowiges loop hand aan hand daarmee dat hulle nie meer slawe van die sonde sal wees nie – net soos wat die volk van hulle slawerny bevry moes word.
- Rom 6:16b – “Julle is óf slawe van die sonde, wat tot die dood lei, óf slawe van gehoorsaamheid, wat lei tot geregtigheid”. Weereens, verlossing is om vrygemaak te word van die slawerny van sonde, soos wat vir die volk nodig was.

- Lees Ef 2:1-3. Paulus beskryf hier dat gelowiges vroeër, d.w.s. voor hulle verlossing, geleef het volgens die leefwyse van hierdie bedeling – soos wat die Israeliete geleef het in diens die afgode van die Egiptiese bedeling waarin hulle geleef het. Paulus sê gelowiges het vroeër geleef onder die heerser van die gees wat nou aan die werk is onder die seuns van ongehoorsaamheid – soos wat die Israeliete geleef het onder die farao wat geheers het oor die Egiptenare. Paulus sê gelowiges het vroeër geleef volgens die begeertes van hulle sondige aard – soos wat die Israeliete geleef het volgens hulle sondige aard deur in afgodery te verval. Paulus sê gelowiges was van nature bestem vir God se oordeel – soos wat die Israeliete op die punt was om God se oordeel te ontvang.
- 2 Tim 2:26 – hier lees ons dat mense vrygemaak moet word van die strik van die duiwel, deur wie hulle gevange gehou word om te doen wat hy wil. Dit is presies wat ons sien van die Israeliete in Eks 1 – hulle is vasgevang in die strik van die farao, wat toegesien het dat hulle moes doen wat hy wil hê hulle moet doen.

Ek hoop jy sien die ooreenkoms tussen die volk en die gelowige raak:

- Elke lid van die volk in Eks 1 is in slawerny gebore. Elke gelowige word in die slawerny van sonde gebore.
- Elke lid van die volk in Eks 1 was vasgevang in slawerny en kon homself nie bevry nie – die houvas van die farao en die volk en die afgode was te groot. Elke gelowige is vasgevang in sonde en hy kan homself nie bevry nie – die houvas van die duiwel en die wêreld is te groot.
- Dit sou heeltemal regverdig wees as die Here die volk destyds in Sy toorn gestraf het. Dit sou heeltemal regverdig wees as God elke gelowige in Sy toorn sou straf. Alle sondaars is van nature sondig van aard, hulle is geestelik dood, moreel korrup en verdien die oordeel van die Here.

Wat is dan die verskil tussen die Israeliete en die Egiptenare? Beide is sondig. Beide dien afgode. Beide is onder beheer van die farao. Beide verdien om die toorn van die Here te ontvang. Is daar enigsens ‘n verskil tussen die Israeliete en die Egiptenare? Ja, daar is ‘n reuse verskil! Die verskil is in Eks 1:1-2 – die Israeliete was die nasate van Jakob en Isak en Abraham. Hulle was die uitverkore volk van die Here. Die Egiptenare nie! Dit maak ‘n reuse verskil! Let op: die volk is nie die uitverkore volk omdat hulle voorbeeldig of regverdig was nie. Selfs in vergelyking met die Egiptenare was hulle maar ellendig. Die Here het hulle nie uitverkies omdat hulle regverdig was nie, nee, die Here het hulle uitgekies om hulle regverdig te maak! Onthou wat ons 1 Pet 1:2 gelees het: Die vreemdelinge van die diaspora (dus die gelowiges aan wie hy skryf), is “...uitverkies volgens die voorkennis van God, die Vader, om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van Jesus besprinkel te word”. Sien jy dit? Die gelowiges is nie uitgekies omdat hulle heilig en regverdig was nie, nee, hulle is uitgekies om deur die werk van die Heilige Gees en die Seun geheilig en geregverdig te word. En dit is wat Eksodus verder vir ons wil verduidelik: Die volk is God se uitverkore volk – maar hulle is sondig en afgodsdienaars en owerspelig. Hoe gaan die Here hulle bring by heiligheid en regverdigheid? Dis die vraag. Dis die prentjie profesie wat Eksodus vir ons wil verduidelik. En die Here gaan dit wys deur hoe Hy verder met Israel werk.

Dink so daaroor: Alle mense word in sonde gebore. Alle babas in die kraamsaal is sondige babas met ‘n sondige aard. Dit is nie in die kraamsaal duidelik nie, maar daar is twee soorte babas in die kraamsaal: babas wat uitverkies is en babas wat nie uitverkies is nie. Dit is nog nie in die kraamsaal duidelik wie is wie nie. Al daardie babas wys grotendeels hulle sondige natuur. Maar die Here weet reeds wie is wie – soos wat die Here geweet het wie is wie in Egipteland. Trouens, dit is die Here wat reeds voor die skepping besluit het wie is wie. En met daardie babas wat Hy uitgekies het, gaan Hy ‘n

pad stap om hulle by heiligheid en regverdigheid uit te bring. Hoe gaan dit gebeur? Wel, ons sal moet kyk wat Eksodus ons verder gaan leer.

Let ook op: In Eksodus rig die farao sy fokus op die volk Israel – hy verdruk hulle in slawerny. Hy doen dit nie met die Egiptenare nie. Hoekom nie? Want die Egiptenare is reeds in sy diens en aan hom onderdanig. Ons moet verstaan die farao verteenwoordig die duiwel in Eksodus. Die duiwel werk op dieselfde manier. Hy spits hom ook toe juis op die uitverkorenes – dit is hulle wat hy wil afrokkel. Dit is hulle wat hy nie wil hê moet tot geloof kom nie. Hy wil voorkom dat die Here hulle verlos.

Ons lees die farao het die seuntjies laat doodmaak – sodoende wou hy die groei in die getalle van die volk stop sit. Die duiwel wil ook die uitverkorenes afrokkel met dieselfde doel: sodat hy so die groei van God se koninkryk kan stop. Maar die duiwel het ook 'n groter doel gehad met die kindermoord in Egipte: Die duiwel wou deur die farao wat die seuntjies laat doodmaak het, die koms van die Een wat beloof is om te kom om die uitverkorenes waarlik te verlos, voorkom. Immers sou die Verlosser juis kom uit Abraham en Isak en Jakob se nageslag. Maar let op: Die plan van die duiwel het nie geslaag nie – ondanks al sy slim planne het die volk bly groei. Met die geboorte van Jesus het die duiwel weer dieselfde tegniek wanhopig probeer toe hy deur Herodes die seuntjies laat doodmaak het – maar weereens het sy slim plan nie gewerk nie – ironies genoeg het sy plan daar gefaal juis omdat Jesus Egipte toe is! Ja, in Eks 1 is daar stryd tussen die farao en die Egiptenare teen die volk Israel. Maar ons moet verstaan dit is alles die uitwerking van 'n groter stryd: Dit is die stryd tussen die duiwel en die Here self. Soos wat ons in Eksodus vorder, sal dit al duideliker word.

<u>Samevatting</u>

Kom ek probeer saamvat. Teen die einde van Eks 1 is die situasie van die volk maar ellendig en miserabel. Die volk is nie in die beloofde land nie. Hulle is in slawerny wat al hoe erger word. Hulle is onder beheer van die farao wat hulle voortbestaan bedreig, wat hulle seuntjies doodmaak sodat hulle sal ophou groei. Boonop, is die volk skuldig – hulle is skuldig aan afgodery en owerspel. Hulle is op die punt dat die Here in Sy toorn teen hulle wil optree. Die situasie is ellendig!

En tog is daar 'n paar dinge wat hoop gee:

- Al het die farao hierdie verskeidenheid van slim planne waardeur hy die volk se groei wil stop sit, hou die volk net aan met groei.
- Hoop kom uit 'n onverwagse oord – twee vroedvroue wat meer respek vir God het as vir die farao, en die gevolg is die plan van die farao word gefnuik. Ten minste vir 'n oomblik, is daar hoop – voor die farao weer met sy volgende plan na vore kom.
- Maar die grootste bron van hoop is in Gen 15 en 46 – waar die Here beloof het Hy sal hulle terugbring na die beloofde land as 'n groot nasie. Die ware hoop lê nie in die volk se getalle of hulle goeie lewe nie. Die hoop lê in die beloftes van die Here. Die hoop lê in daardie eed wat die Here in Gen 22 by Homself gesweer het.

Ja, ons weet nog nie presies hoe die Here die verlossing gaan bring nie. Maar ons kan seker wees Hy gaan die verlossing bring vir Sy uitverkore volk – Hy het dit herhaaldelik belowe, en Hy het dit met 'n eed bevestig.

Wat beteken dit alles vir ons?

- In die eerste plek moet ons verstaan hoe ellendig ons toestand is as ons nie deur die Here verlos word nie. Dit is die prentjie wat Eks 1 vir ons skets. Ons is geneig om vinnig hieroor te wil spring sodat ons by die verlossing van die Here kan uitkom. Maar dit is belangrik dat ons moet begryp hoe ellendig ons situasie is waaruit ons gered moet word. Paulus het dit ook

verstaan: Aan die begin van Romeine gebruik hy 'n paar hoofstukke om te beskryf hoe ellendig ons situasie is, voor hy by die verlossing kom. Hier in Eks 1 het ons 'n prentjie daarvan.

- Ons moet ook verstaan dat dit eenvoudig 'n ingrype van die Here gaan verg om te red. Self kan geen mens dit doen nie. Ons sal Hom eenvoudig moet vertrou dat Hy die verlossing sal bring. Genadiglik leef ons in die Nuwe Testamentiese tyd – na die verlossing reeds gekom het. Maar miskien wag jy nog dat die Here jou persoonlik moet verlos, of dalk een van jou dierbares. Dan moet ons leer om geduldig te wag tot Hy die verlossing bring – die volk moes 400 jaar wag. Ons kan verwagtend wag en ons oë oophou vir vroedvroue wat die werk van die duiwel teenstaan. Dit moet ons bemoedig. En verder hou ons vas aan die beloftes van die Here – hulle staan onwrikbaar vas. Ja, ons weet nie almal is uitverkies nie – maar ons wag pleitend voor die Here tot Hy jou of jou dierbare verlos, of tot dit duidelik is dat die Here nie die persoon uitverkies het nie.